higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 3

(3011023)

19 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Hierdie produksiefaktor se hoeveelheid kan nie vermeerder nie:

A Grond
B Arbeid
C Kapitaal
D Entrepreneur

1.1.2 Die kaart wat deur 'n bank uitgereik word aan kliënte wat depositogeld op hul rekeninge handhaaf:

A Krediet
B Debiet
C Kontant
D Subskripsie

1.1.3 Ekonomiese groei word deur hierdie toename gemeet:

A BBP per kapita
B Nominale BBP
C BBP
D BNI

1.1.4 Beleggings waar daar 'n goeie kans is dat die beleggers nie meer geld gaan terugkry as wat hul aan die begin belê het nie:

A Lae-risikobelegging
B Vaste deposito
C Langtermynbelegging
D Hoërisikobelegging

1.1.5 Die fisiese omgewing en toestande wat mense se lewens raak:

A Ekonomie
B Globalisering
C Politiese sektor
D Omgewing

1.1.6 'n Toename in rentekoerse sal lenings ... maak.

A goedkoper
B duurder
C goedkoper
D bekostigbaar

1.1.7 Veranderings in die staat op sentrale, plaaslike of streeksvlak:

A Tegnologies
B Institusioneel
C Omgewings
D Globaal

1.1.8 Owerheid wat aangewys is om belasting, wat deur die land, op in- en uitvoere gehef word, in te samel:

A DHN (DTI)
B Doeane
C Verrekeningshuis
D Suid-Afrikaanse Reserwebank

1.1.9 Faktore waarop die uitkoms van 'n projek staatmaak:

A Kommoditeit
B Veranderlikes
C Oorhoofse koste
D Afhanklikhede

1.1.10 ... is hoe effektief goedere en dienste produseer word in terme van die tyd, kostes en moeite.

A Produksie
B Produktiwiteit
C Effektiwiteit
D Volhoubaarheid

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Suiwer markekonomie staan ook bekend as 'n bevelekonomie.

1.2.2 Finansiële instansies besluit wat die rentekoers moet wees.

1.2.3 Die berekening van die bruto binnelandse produk sluit semi-finale goedere in.

1.2.4 'n Val in die waarde van die rand teen die dollar veroorsaak dat Suid-Afrikaanse produkte goedkoper is.

1.2.5 Koring is nie 'n voorbeeld van 'n ekonomiese aanwyser nie.

1.2.6 Goud is die hoofuitvoer van Suid-Afrika.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 NEPAD speel 'n sentrale rol in die bevordering van ekonomiese herstel in Afrika.

1.2.8 Maatskaplike dienste is dienste soos wetlike, mediese en finansiële dienste.

1.2.9 Privatisering is die oordrag van eienaarskap vanaf die private sektor na die staat.

1.2.10 Kritiese pad is die kortste aktiwiteit wat in parallel gedoen kan word.

(10 × 1) (10)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die manier waarop geld in- en uit 'n besigheid beweeg of vloei.

1.3.2 Die prys van een geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid.

1.3.3 Die proses waarin iets op 'n ander plek gebruik word as waar dit oorspronklik veronderstel was om gebruik te word.

1.3.4 Beskryf die proses van waarneming van die verskeie omgewings.

1.3.5 Opening van internasionale markte vir handel, gekontroleer deur die Wêreldhandelsorganisasie.

1.3.6 Algemene houding of gevoel van die publiek oor 'n kwessie.

1.3.7 Rentekoers waarteen die SARB geld aan die banke leen.

1.3.8 Een manier waarop ons die inflasiekoers meet.

1.3.9 Die term wat ons gebruik om papiergeld wat by die Sentrale Bank uitgereik is, te beskryf.

1.3.10 Iets wat deur mense aanvaar word as iets wat 'n sekere waarde het wat gebruik kan word om te ruil.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.



Suid-Afrika se inflasie het vir die eerste keer hierdie jaar in Mei gestyg, na die voedselprysgroei versnel het vanaf die stadigste pas vanaf Desember 2015.

[Bron: *www.Bloomberg.com*]

2.1 Verduidelik die term *inflasie*. (2)

2.2 Watter effek het inflasie op die Suid-Afrikaanse betalingsbalans? (4)

2.3 Verduidelik waarom inflasie 'n aanwyser van die ekonomiese prestasie van 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika is. (2)

2.4 Verduidelik kortliks VIER oorsake van kostedrukinflasie. (8)

2.5 Noem SES kommersiële bankmarkte wat in Suid-Afrika aangetref word. (6)

2.6 Wat is die doel van die produsenteprysindeks? (2)

2.7 Gestel as gevolg van 'n verhoging in die inflasiekoers, verdien Maatskappy A, gedurende die eerste kwartaal, R120 000 wins en gedurende die tweede kwartaal verlaag die wins na R114 000.

Bereken die afname in winspersentasie. (4)

2.8 Verduidelik hoe die staat volhoubaarheid van die omgewing kan verseker. (8)

2.9 Veronderstel die rand/dollar wisselkoers is R6, 50 = $1.

Bereken die nuwe wisselkoers as die rand appresieer met 20% teen die VS dollar. (4)

[40]

VRAAG 3

3.1 Noem VIER arbeidswette wat 'n impak op Suid-Afrikaanse besighede het. (4)

3.2 Gee DRIE voorbeelde van sosiale probleme wat 'n impak op die ekonomie het. (3)

3.3 Onderskei tussen die *formele* en *informele* sektor. (3 × 2) (6)

3.4 Verduidelik die effek van 'n staking op die ekonomie van Suid-Afrika. (2 × 2) (4)

3.5 Onderskei tussen *eenvoudige rente* en *saamgestelde rente*. (4)

3.6 Mpho het 'n uitvoer-/invoerbesigheid begin en besluit om 'n lening van R100 000 by Zonke Bank, teen 'n vaste koers van 22% uit te neem. Die lening was vir 'n periode van 3 jaar.

Bereken die saamgestelde rente, sowel as die totale hoeveelheid rente betaal aan die bank.

Toon ALLE berekeninge. (10)

3.7 Verduidelik die volgende konsepte:

3.7.1 Vaste produksiekoste

3.7.2 Gelykbreekanalise

(2 × 2) (4)

3.8 Waarom gebruik ons 'n *kritiesepadanalise*? (3)

[40]

VRAAG 4

4.1 Matthew is 'n onervare belegger wat dit oorweeg om aandele in Phuthuma Nathi, in ruil vir dividende, te koop.

Verduidelik die volgende terme aan Matthew:

4.1.1 Aandele

4.1.2 Dividende

(2 × 2) (4)

4.2 Watter impak het die gebrek aan infrastruktuur soos elektrisiteit of telefoondienste op 'n besigheid? (4 × 2) (8)

4.3 Beskryf kortliks VIER positiewe elemente wat die Wet op Vaardigheids-ontwikkeling vir die ekonomie inhou. (8)

4.4 Wat is die moontlike nagevolge vir 'n besigheid wat versuim om die besigheidarbeidswette na te kom? (2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

4.5 Verduidelik DRIE funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. (3 × 2) (6)

4.6 Beskryf VIER maniere waarop 'n entrepreneur 'n positiewe omgewing vir mense met MIV/VIGS in die werksplek kan skep. (8)

4.7 Watter negatiewe effek kan die opgradering van tegnologie, soos selfone, op vervaardigers hê? (4)
[40]

VRAAG 5

5.1 Waarvoor staan ESKOM? (1)

5.2 Gee 'n voorbeeld van elk van die volgende:

5.2.1 Vaste koste

5.2.2 Veranderlike koste

(2 × 2) (4)

5.3 Noem VIER faktore wat gelei het tot globalisering. (8)

5.4 Verduidelik kortliks hoe besighede kan help om die armoedesiklus te breek. (6)

5.5 Waarom verskil die vergoeding van entrepreneurs van die van ander produksiefaktore? (4)

5.6 Mnr. Ball wil wyn na Europa uitvoer teen R40 000 per boks. Drie bokse wynetikette kos mnr. Ball R78. Die bruto-wins per boks is 50%.

Beantwoord die onderstaande vrae deur in ag te neem dat die huidige wisselkoers €1 = R15,48 is.

5.6.1 Wat sal sy verkoopsprys, per boks wyn, in randwaarde wees? (4)

5.6.2 Bereken hoeveel een boks sal kos. (3)

5.6.3 Wat is die gelykbreekomset as die vaste koste R120 000 is? (3)

5.7 Beskryf DRIE redes waarom 'n entrepreneur van groot ekonomiese belang is. (3 × 2) (6)

5.8 Wat is die DRIE aspekte waaroor jy inligting moet hê voor jy 'n kritiese-padanalise kan doen? (3)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou